VOORSITTERSVERSLAG - MAART 2022 TOT FEBRUARIE 2023

INLEIDING:

As ek terugkyk na die afgelope finansiële jaar word ek herinner aan watter voorreg dit is om die voorsitter te wees van 'n organisasie wat instrumenteel is om die ontwikkeling van Stilbaai positief te beïnvloed.

Ons vier vanjaar die Sakekamer se 37ste jaar van bestaan met die doel om die welvaart van Stilbaai te bevorder en daardeur ‘n omgewing te verseker wat bevorderlik is vir sakeondernemings om te floreer, 'n mylpaal waarop ons almal baie trots moet wees.

Die posisionering van die organisasie as 'n gerespekteerde en invloedryke sambreelsake-organisasie wat die afgelope paar jaar wyer as net Hessequa omgewing bekend is, gaan gepaard met meer verwagtinge en druk op die huidige bedryfsmodel. Dit is dus ‘n voorreg vir die huidige komitee om innoverend op te tree ten einde die geleenthede wat as gevolg van die nuwe besigheidsiklus van die Sakekamer gebied word, optimaal te benut deur middel van die voorgestelde herposisionering.

SAKEKAMER DOELSTELLINGS:

Die primêre doelwit is steeds om die ontwikkeling en sukses van ons sakegemeenskap te fasiliteer. Ons bly daartoe verbind om 'n omgewing te bevorder wat groei, innovasie en samewerking moontlik maak. Gedurende die verslagtydperk het ons aktief gewerk om hierdie doelwit te verwesenlik en verskeie noemenswaardige aktiwiteite en prestasies is bereik wat ek met trots aan u uitlig:

1. SKEPPING VAN ‘N KULTUUR VAN ERKENNING:

- ✓ Die Sakekamer se jaarlikse Prestige Toekennings aan sakelui was vir die vierde jaar een van die hoogtepunte op die kalender van Stilbaai.

  Diè jaar het die Entrepreneur van die Jaar kategorie ook voorsiening gemaak vir ‘n informele entrepreneur. ‘n Rekord getal van 195 ondernemings (groei van 17%) het meegeding om as Stilbaai se beste ondernemings in sewe sektor-gedrewe kategorieë aangewys te word.

Die kaartjies vir die glansryke Gala-aand met die tema “Havana Nights” in Junie was baie vinnig uitverkoop en het Gertjie Odendaal van Oppiestoep-faam as seremoniemeester opgegetree en van die begin af die regte atmosfeer vir ‘n heerlike en genotvolle aand vir die 210 gaste geskep.

Ons was bevoorreg om as Eregaste Wes-Kaap minister van Landbou, Dr Ivan Meyer, minister van Menslike Nedersettings, Tertius Simmons, plaaslike raadslede, die nuwe munisipale bestuurder, Albert de Klerk, en ‘n welbekende sakeman van Albertinia, Boy van Rensburg, by die geleentheid te verwelkom.

Dr. Ivan Meyer het as gasspreker oor leierskap in die onstuimige tye gepraat en dit duidelik gemaak dat daar met die regte leierskap enige uitdaging oorkom kan word.

Die trofee wenners was:

- ✓Liefdadigheid en gemeenskapdienste: Jagersbosch Gemeenskapsorg
- ✓Voedsel en drank/Reis en Toerisme: Coffee en Cream Koffiewinkel en Restaurant
- ✓Gesondheid en skoonheidsondermings: Blombos Apteek
- ✓Vervaardiging, konstruksie en boudienste: Kloof Houtwerke
- ✓Eiendomsmark: Amana Eiendomme
- ✓Kleinhandelondermenings: OK Foods
- ✓Dienste ondernemings: Pakketmoles

Die entrepreneur van die jaar in die formele sektor is Ursula van Huysteen van Bastion Business Consultants en in die informele sekter, Kobus Smit met sy tuindienste.
Die Voorsitterstrofee is aan Adolf Botes en Johannie Vermeulen van Stilbaai Kelders toegeken.

Die vyfde Prestige Toekenningsgeleentheid word beplan vir middel September 2023.

✓ Met die afsluiting van Vrouemaand het ons die elf vroue wat oor die afgelope 5 jaar deur die sakekamer vir hulle uitsonderlike prestasie vereer is in ‘n artikel (Suid-Kaap Forum) weereens bedank vir hul harde werk, deursettingsvermoë en bydrae tot die plaaslike ekonomie.

Die vroue was: Alida (Ida) Prinsloo (Coffee & Cream), Dr Karlien van Zyl, Didi Serfontein en Thelma Oosthuizen (Allegaartjie), Duhne Liebenberg (Namo Natural Health), Johannie Vermeulen (Basil & Biltong), Magda Niemand (Lilliput), Rene Haarhoff (Sterrehemel Café & Restobar) Ria du Preez (Amana Eiendomme), Tanya Schreuder (The Skin Zone), en Ursula van Huysteen (Bastion Business Consultancy).

✓ Die bekende sakevrou, Linda Gorden van Riversdalse Skoenwinkel & Kothuis, het haar 40 jaar in besigheid gevier en ons het gesorg vir ‘n uitstaande artikel deur die korrespondent, Johan Victor, van Suid-Kaap Forum

- ✓ Kobus Smit, die informele sektor entrepreneur, was deur ons genomineer vir die AHi 2022 toekennings en is vereer as ‘n finalis in die Beginner Ondernemings kategorie

- ✓ Sertifikate van waardering is oorhandig aan die personeel van Jongensfontein-, Stilbaai- en Preekstoel-karavaanparke om hulle te bedank vir die harde werk en toewyding om die karavaanparke sulke gesogte bestemmings te maak

- ✓ Eienaars en bestuurders van verskeie ondernemings is per e-pos skrywes bedank vir uitstaande diens wat op sosiale media uitgelig is

2. NETWERK GELEENTHEDE

Die sakeontbyt sessies wat gereël is gedurende die afgelope jaar het groot aftrek gevind onder die plaaslike sakelui.

- ✓ Andrew Stoebel, Speaker van die Hessequa Munisipalteit, was die gasspreker tydens die eerste ontbytsessie en hy het gesels oor die bestuurstrukture van die munisipaliteit. Verteenwoordigers van vyftien Stilbaai besighede het die sessie bygewoon.

- ✓ Ons het onmiddellik nadat die aanstelling van die nuwe munisipale bestuurder bekend gemaak is, ‘n reeks ontbytsessies gereël met die raadslede en Albert de Klerk, die nuwe munisipale bestuurder. Die sessies is bygewoon deur 158 sakelui wat 137 ondernemings verteenwoordig het en die terugvoering was baie positief.

3. INVESTERING IN ONS DORP

‘n Inisiatief om die voorkoms van ons dorp aantreklik te maak vir besoekers wat ondermeer netheid, eenvormigheid van kennisgewingsborde, en die identifisering van strukture wat herstelwerk benodig betref, is gedurende November van stapel gestuur. Dit het ondermeer die volgende behels:

- ✓ Herstel / verf van heelwat strukture deur Hessequa Munisipaliteit soos die versperrings aan beide kante van die oostelike ingang van die brug, ‘bollards’ en vuurtoring by die hawe, gebreekte paneel op die skaatsplank-ontspanningsbaan, skoonmaak van N2 bootjie, ens.
- ✓ ‘n Netjiese advertensiebord is op die hoek van Hoofweg-Wes en Buitekantstraat opgerig wat beskikbaar gestel word vir besighede in daardie opgewing.
- ✓ Die oprigting van die “Geniet Stilbaai” banier oorkant die Engen vulstasie.

4. INVESTERING IN DIE INFORMELE SEKTOR

Sedert die raad van Hessequa Munisipaliteit in September 2021 toestemming verleen het dat die Brugmark terrein vir ‘n aanvanklike vyf jaar aan die Sakekamer verhuur word, kan daar tereg gesê word dat die Brugmark ‘n nuwe baadjie gekry het en besig is om uit sy nate te groei.

Met die bestuursoorname van die mark was daar ongeveeer 40 uitstallers in Desember en 20 op ‘n Saterdag. Die mark het intussen aangegroei tot ‘n gemiddeld van 52 uitstallers wat elke Saterdag hul produkte vir die publiek uitpak om na hartelus te koop en 56 stalletjies was gereed om vakansiegangers in Desember te verras.

Die nuutgeboude atrium wat die eerste fase van die argitektoniese voorstel en terrein ontwikkelingsplan is, is kort voor die Desember mark in ‘n openingsseremonie deur die uitvoerende burgemeester en munisipale bestuurder ge-open. Die feit dat besoekers aan die Desember mark ‘n glasie wyn, gin of plaaslike bier onder die nuutgeboude atrium kon geniet, het bygedra tot ‘n unieke ervaring.

Daar is nog heelwat planne in die pyplyn. Die eerste prioriteit is die verkryging van ’n dranklisensie en die oprigting van ‘n dubbel en ‘n enkel toesluit stalletjie. Ons wil ook graag begin met die oprigting van die oop-plan stalletjies, wat die tweede fase van die argiteksplanne is. Dit sal egter onderhewig wees aan die beskikbaarheid van fondse.

5. DIE WAARDE VAN SAMEWERKING

Goeie verhoudings wat oor die afgelope paar jaar gebou is met rolspelers van verskeie organisasies het definitief bygedra tot die sukses van Stilbaai Sakekamer. Nie net het dit ons toegang tot inligting en hulpbronne gegee nie; dit het ook 'n platform geskep wat ons instaat gestel het om kollektiewe standpunte in te neem en belynde kommentaar in terme van die munisipaliteit se beplanningsprosesse te lewer.

Sambreel organisasies met wie gekonsulteer en saamgewerk word is:

- ✓ AHi Wes-Kaap, Sakeliga, Small Business Institute (SBI) en Hessequa Sakekamer;
- ✓ Stilbaai: Belangeforum, Toerisme, Gemeenskapspolisiëringsforum en Inwonersverenigings van Jongensfontein, Melkhoutfontein en Stilbaai-Oos;
- ✓ Ander Sake-organisasies: Ons was, as gevolg van die leidende rol wat gespeel word in die Hessequa Sakeforum aktief betrokke by die vestiging van ‘n sakeorganisasie in Witsand.

  Ondersteuning is ook verleen aan Bonnievale, Swellendam en Robertson sake instansies.

HESSEQUA BUSINESS / BESIGHEIDSFORUM
HBF
NETWORK TOWARDS SUCCESS/ NETWERK NA SUKSES

6. INTERAKSIE MET HESSEQUA MUNISIPALITEIT:

Die positiewe gesindheid en oop-deur beleid van Hessequa Munisipaliteit word opreg waardeer. As gevolg van die wedersydse respek en vertroue tussen die onderskeie rolspelers is ons in staat om komplekse en sensitiewe sake openlik en eerlik te bespreek.

Bo en behalwe die formele uitnodigings om betrokke te raak by van die publieke deelname geleenthede, is daar ook gereëlde interaksie met die raad en amptenare.

Van die belangrikste sake wat gedurende die jaar aangespreek is deur middel van formele deelname prosesse asook informele interaksie is:

- ✓ Voorstel dat ‘n langtermyn toekomsvisie (hoe die Hessequa streek oor die volgende 20 na 30 jaar gaan lyk) wat sal dien as ‘n raamwerk vir die langtermyn beplanning, ontwikkel word met behulp van adviesgroepe uit die plaaslike gemeenskappe. Ons het verder voorgestel dat dieselfde adviesgroepe ook betrokke moet wees by die samestelling van die GOP alvorens dit voorgelê word op publieke deelname geleenthede.

- ✓ Ondersoek na oplossings vir energie-sekerheid.
- ✓ Optimalisering van inkomstestrome: Ons is bekommerd oor die implikasies van verlies in elektrisiteitsverkope as gevolg van beurtkrag. Ons voorstel is dat dit en die disproporsionele bydrae van Stilbaai tot die Hessequa fiskus dringend ondersoek word sodat risiko's en geleenthede geïdentifiseer kan word.
- ✓ Tariewe beleid: Uitermatige hoë tariewe (Elektrisiteit, Water, Riool en Vullisverwydering) en die huidige bloktariewe is nie bevorderlik en regverdig vir klein sake-ondernemings indien vergelykings getref word met ander soortgelyke vakansiedorpe aangrensend tot Hessequa
- ✓ Beplanning en uitbreiding van die sake-kern en industriële areas.
- ✓ Beplanning van oorgangsones in residensiële gebiede.
- ✓ Hersiening (saam met sake-organisasies) van die bestaande Toerisme Raamwerk.
- ✓ Stilbaai hawe en Lappiesbaai ontwikkelings.

Die munisipale raad het reeds, as gevolg van die versoek om adviesgroepe te benut vir beplanning, ingestem om 'n gesamentlike werkswinkel tussen die munisipaliteit en sakesektor te hou met die doel om dialoog te voer oor die Plaaslike Ekonomiese Ontwikkelingsplan en Toerisme Raamwerk. Reëlings vir die werkswinkel is huidiglik in die proses om gefinaliseer te word.

Verder word Wykskomitees baie effektief benut om sake wat sakelui beïnvloed, te ondersteun soos byvoorbeeld die aansoeke vir hersonering en verhuring van munisipale eiendomme

'n Versoek is ook gedurende die jaar aan die munisipaliteit gerig om die kontrak wat gesluit is met 'n buite maatskappy oor te neem wat betref die bestuur van die sement vullisblikke, wat tans sleg vertoon, asook die twee groot advertensieborde (Ellensrust en Jongensfontein karavaanparke)

7. BENUTTING VAN SAKE-INTELLIGENSIE

Dit is 'n gegewe dat die besigheidsomgewing beweeg teen 'n enorme spoed en dus word die milieu waarin sakekui hulle bevind al hoe meer onvoorspelbaar!

Gevolglik bevind ons onsself in 'n era waar die beskikbaarheid en ontleding van data waarmee beter ingeligte besluite geneem kan word, van kritiese belang is. Om hierdie rede is die besluit geneem om 'n Sake-Intelligensie Program van stapel te stuur. Die program behels verskillende metodes om data in te samel, te stoor en te verwerk.

Die eerste projek in die program is van stapel gestuur gedurende Oktober 2022 deur middel van die ontwikkeling van 'n portaal (www.sb4u.co.za) wat besighede lys met 'n maklike ikoon-koppelvlak na webwerwe en/of facebook bladsye van sakeondernemings. Die portaal bevat ook skakels waarvandaan inwoners, sakeondernemings en besoekers opnames kan invul. Alle verwerkte resultate van opnames word beskikbaaar gestel op die portaal

Daarna is vraelyste ontwikkel wat gerig is aan die volgende teikengroepe

Vakansiegangers:
Die opname het plaasgevind gedurende die Desember 2022 vakansie. Waardevolle inligting oor vakansiegangers se demografie, plekke wat besoek is, aktiwiteite waarmee hulle hulself gedurende die vakansie besig hou, ervaring oor munisipale dienslewering, belangrikheid van blouvlagstatus van strande, verkeersvloei en algemene diens van sakeondernemings, is verkry.

Die akkuraatheid van die vraelysresultate van die statistiese opname is 75% en die resultate is in Februarie 2023 vrygestel

- ✓ **Permanente Inwoners:**
  Die opname het vanaf November 2022 tot Februarie 2023 plaasgevind. Die statistiese akkuraatheid van die vraelysresultate is 95%.

  Die demografiese Inligting wat bekom is sluit die volgende in: geskooldheid, ouderdom en gemiddelde inkomstevlakke.

  Nuttige tendense is bepaal rakende beskikbaarheid van goedere en dienste, hantering van beurtkrag, voorkeure van ontwikkelings wat betref die groei van Stilbaai, asook die verwagtinge van die rol van die plaaslike munisipaliteit.

  Volgens die opname is die gemeenskap tevrede met die aanbod van ons plaaslike supermarkte en meen hulle ook dat uiteet fasiliteite van restaurante in Stilbaai baie bekostigbaar is. Die noodsaaklikheid van ‘n ambulansdiens word baie hoog aangeslaan en is die bekostigbaarheid van behuising uitgelig as ‘n probleem area. Die opname het ook ‘n interessante skuif in verbruikersgedrag aangetoon indien beurtkrag vererger wat groot implikasie inhou vir die munisipalteit.

  Elke aspek van die opname kan per verskillende demografie groepering (ouderdom, inkomstevlak en aktiwiteit) weergegee word.

- ✓ **Besighede**
  Verdere ondersoeke is tans in proses ten einde ‘n holistiese beeld van die sakesektor in Stilbaai te kry. Dit is egter duidelik uit die opnames dat Stilbaai se ekonomiese aktiwiteite gedryf word deur mikro-besighede. Die meerderheid van ons plaaslike besighede het minder as 10 werknemers in diens.

Sodra die sakesektor ondersoeke voltooi is, sal ‘n geïntegreerde resultaat beskikbaar gestel word op die portaal (www.sb4u.co.za)

DIE TOEKOMS VAN STILBAAI SAKEKAMER

Stilbaai Sakekamer het die afgelope paar jaar ontwikkel tot veel meer as net 'n informele lidmaatskaporganisasie as gevolg van die organisasie se groeiende rol in die plaaslike ekonomiese ontwikkeling. Die realiteit is egter dat die huidige bedryfsmodel nie meer voldoende is nie en, indien dit nie

aangespreek word nie, bestaan die risiko dat dit die organisasie se doeltreffendheid negatief gaan beinvloed.

Om dit te voorkom stel ons voor dat die toekomsvisie vir Stilbaai Sakekamer die volgende behels.

'n Formele geregistreerde nie-winsgewende maatskappy wat beskik oor: '

- ✓ 'n bestuurstruktuur met die nodige menslike hulpbronne wat in staat is om op 'n daaglikse basis beskikbaar te wees en onmiddelike waarde aan sakelui en ander belanghebbendes te bied;
- ✓ vermoë wat gerugsteun word deur digitale tegnologie om proaktief inligting te bekom en te verwerk om verandering, risko"s en geleenthede vroegtydig te identifiseer en daarop te reageer;
- ✓ verdere samewerkingsooreenkomste met sakegroepe in Suid-Afrika.

Die kern elemente wat benodig word vir die transformasieproses is:

- ✓ Registrasie van 'n nie-winsgewende organisasie.
- ✓ Hersiening / uitbreiding van inkomstestrome.
- ✓ Hersiening van die bestuurs- en bedryfsmodelle wat ondermeer permanente aanstellings en investering in tegnologie insluit.

In Stilbaai Sakekamer droom ons oor 'n toekoms waar al die hoof rolspelers wat betrokke is by die ontwikkeling van ons plaaslike ekonomie (Hessequa Munisipaliteit, Sakelui en Plaaslike Gemeenskappe) dieselfde visie nastreef en sal saamwerk om ekonomiese ontwikkelingsukses te behaal.

BEDANKINGS

Ons salueer alle ondernemings vir hulle volharding ten spyte van uitdagings soos beurtkrag, brandstofheffings, rompslomp regeringsprosesse en nog vele meer.

Baie dankie aan al ons lede vir u volgehoue ondersteuning.

Aan vorige bestuurslede van die Sakekamer baie dankie vir u besonderse bydrae in die verlede, want daarsonder sou ons sukses en voortbestaan nie moontlik gewees het nie.

Baie dankie ook aan die Raad van Hessequa Munisipaliteit en hulle amptenare, sowel as die talle gemeenskapsorganisasies met wie ons baie nou saamwerk, vir u hulp en ondersteuning.

Laastens, maar beslis nie die minste nie, wil ek my bestuur bedank vir hulle onbaatsugtige diens die afgelope jaar aan die Stilbaai-, Jongensfontein- en Melkhoutfontein-gemeenskappe. Dit is 'n voorreg om 'n span te lei met soveel deursettingsvermoë, professionaliteit, integriteit en 'n passie 'om te dien'.

Dit was vir my 'n besonderse eer om gedurende die afgelope paar jaar as u Voorsitter te dien.

Ek dank u.

Die uwe,
Rachel Wall